1. In hierdie regulasies het enige woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis toegeskryf is in die Wet daardie betekenis en tensy die konteks anders aandui het die volgende woorde en uitdrukkings die betekenis wat hieronder daaraan toegeskryf word—

“**toegang**” beteken toegang tot en gebruik van paaie en ander strukture in staatsbosse en ander bosse;

“**aansoeker**” beteken 'n persoon wat aansoek doen om 'n lisensie kragtens hierdie regulasies;

“**wegruim**” beteken om weg te ruim op 'n omgewingsaanvaarbare wyse;

“**gelisensiéerde**” beteken 'n lisensiehouer kragtens hierdie regulasies;

“**kennisgewing**” beteken 'n kennisgewing gepubliseer in die *Staatskoerant*;

“**eienaar**” sluit in 'n bestuurder of huurder van die eienaar;

“pad” beteken enige pad, glypad, sleepad of voetpad binne-in of wat lei na ‘n staatsbos;

“serwituut” beteken ‘n reg, minder as eienaarskap, oor ‘n ander persoon se eiendom;

“tarief” beteken ‘n tabel van vasgestelde koste; en

“die Wet” beteken die Wet op Nasionale Bosse, 1998 (Wet No. 84 van 1998).

HOOFSTUK 2 **VOLHOUBARE BOSBESTUUR**

Navorsing

2. (1) Voordat daar opdrag vir navorsing gegee word, mag die Minister—

- (a) kennis gee van die voorneme om opdrag tot navorsing te gee en die onderwerp van die navorsing;
- (b) kommentaar, voorstelle en besware aanvra wat binne ‘n gespesifieerde tydperk voorgelê moet word; en
- (c) die kommentaar, voorstelle en besware oorweeg wat in antwoord op die kennisgiving ontvang is.

(2) Die Minister gee opdrag tot navorsing deur ‘n kennisgiving te publiseer wat—

- (a) die besluit om opdrag tot navorsing te gee, aanteken;
- (b) die persoon, persone of instelling noem wat die navorsing gaan behartig; en
- (c) die tydperk waarvolgens die navorsing onderneem sal word, bepaal.

HOOFSTUK 3 AFMETINGS

Afmetings van oppervlakte, omvang, volume en massa vir bosopbrengs en bosprodukte

3. (1) Berekenings en afmetings van oppervlakte, omvang, volume en massa van bosopbrengs of bosprodukte is onderhewig aan—

- (a) eenhede en simbole soos bepaal deur die Wet op Meeteenhede en Nasionale Meetstandarde, 1973 (Wet No. 76 van 1973) of toepaslike wetgewing;
- (b) internasionaal aanvaarbare bosboupraktyke indien sodanige praktyke nie teenstrydig is met Suid-Afrikaanse wetgewing of praktyke nie; of
- (c) opdrag onder leiding van die Minister.

(2) In die geval waar bosopbrengs of 'n bosproduk—

- (a) onreëlmatig gevorm is; of
- (b) om welke rede nie akkuraat gemeet kan word nie;

mag die Minister reëls en metodes bepaal vir—

- (i) die berekening van ramings van oppervlak, omvang, volume of massa; en
- (ii) die toepassing van afgeronde breuke en omrekeningsfaktore gebaseer op gemiddelde afmetings.

HOOFSTUK 4 LISENSIES

Algemeen

4. (1) In elke aansoek om 'n lisensie wat voorgelê word ingevolge die bepalings van die Wet, moet die vereistes vir 'n lisensie wat in hierdie regulasies uiteengesit word, nakom word, en ook die volgende inligting bevat—

- (a) die persoonlike besonderhede van die aansoeker, insluitend—
 - (i) naam;
 - (ii) adresse;

- (iii) identiteitsnommer;
- (iv) kontaktelefoonnummers;
- (v) e-posadres;
- (vi) geslag; en
- (vii) ras.

- (b) die bedrywigheid waarvoor daar om 'n lisensies aansoek gedoen word;
- (c) die gebied waar die bedrywigheid sal plaasvind; en
- (d) die tydperk waarvoor die lisensie benodig word.

(2) In elke aansoek om 'n lisensie waat voorgelê word ingevolge die bepalings van die Wet deur 'n persoon wat daarop aanspraak maak om namens 'n gemeenskap of ander regsentiteit aansoek te doen, moet die aansoeker aandui—

- (a) die naam van die gemeenskap of entiteit en sy ligging of verwantskap ten opsigte van die staatsbos;
- (b) of die gemeenskap of entiteit deel vorm van 'n gemeenskapsbosbou-ooreenkoms ingevolge artikel 30 van die Wet aldant nie;
- (c) of die gemeenskap 'n gemeenskaplike eiendomsvereniging is ingevolge die Wet op Verenigings vir Gemeenskaplike Eiendom, 1996 (Wet No. 28 van 1996) aldant nie; of
- (d) indien dit nie 'n gemeenskaplike eiendomsvereniging is nie, die aard van die regsentiteit.

(3) Geen aansoek om 'n lisensie sal oorweeg word nie totdat die aansoeker bewys lewer dat hy of sy voldoen het aan die Wette waarna verwys word as "'n spesifieke wet op omgewingsbestuur" in die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet No. 107 van 1998) of enige ander Wet wat van toepassing is op hierdie aansoek.

(4) Enige gelde betaalbaar ingevolge artikel 55(a) van die Wet moet vereffen word sodra die lisensie uitgereik is, en—

- (a) indien die lisensie uitgereik is vir 'n vasgestelde tydperk, die totale bedrag vir sodanige tydperk, behalwe as die Minister ingestem het tot ander voorwaardes; of
- (b) indien die lisensie uitgereik is vir 'n onbepaalde tydperk, die totale bedrag vir sodanige tydperk of met tussensposes soos bepaal deur die Minister, maar die tydperk of tussensposes moet vir minstens drie maande wees.

(5) Geen lisensie mag—

- (a) in enige opsig teenstrydig wees met—
 - (i) die wetlike toepassing van enige reg wat aan enige persoon toegestaan is kragtens die lisensie wat uitgereik is ingevolge die Wet of hierdie regulasies; of
 - (ii) enige bosbeampete of -amptenaar of beampete van die Departement in die uitvoering van sy of haar pligte ingevolge die Wet of hierdie regulasies nie;
- (b) die plant van enige onkruid of indringerplant in enige gebied ten opsigte waarvan 'n lisensie uitgereik is, toelaat nie, tensy toestemming verleen is kragtens die lisensie of enige ander wet; en
- (c) die verbranding van enige lewende of dooie boom, plant of plantegroei toelaat nie sonder die toestemming en toesighouding van 'n bosbeampete of 'n ander gemagtigde beampete van die Departement.

(6) In die geval waar 'n lisensiehouer gelde betaal het ingevolge artikel 55(a) van die Wet vir 'n lisensie wat uitgereik is vir 'n bepaalde tydperk en die Minister wysig die lisensie of skort dit op of kanselleer dit ingevolge die bepalings van artikel 25(2)(a) van die Wet, en sodanige wysiging, opskorting of kansellasie is nie as gevolg van enige handeling of nataligheid deur die gelisensiéerde nie, moet die Minister die ewematige bedrag van die onverstreke tydperk van die lisensie aan die gelisensiéerde terugbetaal.

Totstandkomming en bestuur van plantasie

5. (1) Enige persoon, staatsorgaan of organisasie mag by die Minister aansoek doen om 'n lisensie om 'n plantasie in 'n staatsbos tot stand te bring en te bestuur.

(2) 'n Aansoek soos oorweeg in subregulasie (1)—

- (a) moet vergesel wees deur 'n plantplan wat die volgende uiteensit—
 - (i) die naam van die staatsbos;
 - (ii) die voorgestelde gebied vir die aanplant van bome;
 - (iii) die tydperk waarvoor die lisensie benodig word; en
 - (iv) die soort bome wat aangeplant sal word; en

- (b) mag ander toepaslike inligting insluit—
 - (i) wat die aansoeker nodig ag om die aansoek te steun; of
 - (ii) wat die Minister benodig.

Afkap van bome, verwydering van hout en afkap en verwydering van ander bosopbrengs

6. (1) Enige persoon, staatsorgaan of organisasie mag, indien hulle nie 'n party by 'n ooreenkoms ingevolge artikels 26, 27, 28 of 30 van die Wet is nie, by die Minister aansoek doen om 'n lisensie om—

- (a) bome af te kap en hout vanuit 'n staatsbos te verwijder; en
- (b) enige ander bosopbrengs vanuit 'n staatsbos af te kap en te verwijder.

(2) Die Minister mag opdrag gee dat—

- (a) die waarde van alle hout of ander bosopbrengs wat onnodig vermors is tydens die afkap of verwijdering daarvan, bepaal word; en
- (b) die waarde soos oorweeg in subparagraaf (a) by die prys van die boom of ander bosopbrengs gevoeg word.

(3) Die Minister mag enige beampte in die Departement opdrag gee om 'n merk, elektroniese skyfie of enige ander vorm van identifikasie aan te bring op enige staande boom of ander bosopbrengs wat alreeds verkoop is of as te koop aangebied is.

(4) Geen persoon mag die merk, elektroniese skyfie of ander vorm van identifikasie soos omskryf in subregulasie (3) verwijder, vernietig, beskadig of op enige ander manier daarmee inmeng nie, tensy hulle die toestemming van 'n bosbeampte het.

(5) Behalwe vir persone wat—

- (a) gelisensiéer is ingevolge artikel 7(4) of 23(1) van die Wet;
- (b) vrygeskeld is ingevolge artikel 7(1)(b)(ii) of 24(6) van die Wet; of
- (c) partye tot 'n ooreenkoms soos oorweeg in artikels 26, 27, 28 of 30 van die Wet,

mag geen persoon enige boom of ander bosopbrengs vanuit 'n staatsbos verwijder nie, tensy—

- (i) dit gemerk of op 'n ander manier deur die Minister geïdenstifiseer is;
- (ii) die verwydering daarvan goedgekeur is deur 'n bosbeampte in die geval waar die boom of ander bosopbrengs om welke rede ookal nie gemerk of geïdentifiseer kan word nie; of
- (iii) die verkoopooreenkoms vir die boom of ander bosopbrengs anders bepaal.

(6) Enige bome of bosprodukte wat gemerk of geïdentifiseer moet word kragtens hierdie regulasie, moet opmekaar gepak word of op sodanige manier gerangskik word dat die bome of bosopbrengs maklik en veilig toeganklik is vir die bosbeampte.

(7) In die geval waar die bome of bosopbrengs nie gepak is kragtens subregulasie (6) nie, mag die bosbeampte—

- (a) weier om dit te merk of te identifiseer; en
- (b) die verwydering daarvan verhinder totdat dit behoorlik gepak en gemerk of geïdentifiseer is.

Gebruik van grond, strukture of geboue vir landbou-, huishoudelike, woon-, nywerheids-, kommunikasie-, vervoer- of kommersiële doeleindes

7. (1) Enige persoon, staatsorgaan of organisasie mag by die Minister aansoek doen om 'n lisensie vir die gebruik van grond vir landbou-, huishoudelike, woon-, kommunikasie-, vervoer- of kommersiële doeleindes.

(2) 'n Aansoek soos bedoel in subregulasie (1) moet—

- (a) kortliks die gebied beskryf voor die aanvang van die bedrywigheid;
- (b) enige voorsiene omgewingsimpakte en voorgestelde voorkomingsmaatreëls beskryf; en
- (c) aandui of die aansoek om 'n lisensie onderhewig is aan 'n serwituut.

(3) Die lisensiehouer moet die grond, gebou of struktuur in 'n netjiese toestand hou gedurende die lisensietydperk.

(4) Geen lisensie waarom aansoek gedoen is kragtens hierdie regulasie mag toegestaan word nie, tensy—

- (a) tenders aangevra is; of

- (b) die Minister deur middel van kennisgewing weggedoen het met die vereiste van tenders.

Gebruik van paaie in staatsbosse

8. (1) Enige persoon, staatsorgaan of organisasie mag by die Minister aansoek doen om 'n lisensie om gebruik te maak van die paaie in 'n staatsbos.

(2) 'n Aansoek om 'n lisensie wat kragtens subregulasie (1) voorgelê is, moet—

- (a) die doel vir die gebruik aandui;
- (b) die tipe voertuig wat op die pad gebruik gaan word, beskryf;
- (c) die tydperk van gebruik aandui; en
- (d) aandui hoe dikwels die voertuig van die pad gebruik sal maak.

(3) Behalwe vir 'n staatsbos wat bestuur word volgens 'n ooreenkoms ingevolge artikel 27 van die Wet, en 'n lisensie wat toegestaan is kragtens subregulasie (1), mag die Minister ter enige tyd, sonder om aanspreeklik teenoor enige persoon te wees vir enige skade—

- (a) die pad in 'n staatsbos sluit;
- (b) die gebruik van enige pad in 'n staatsbos verbied of beperk—
 - (i) vir 'n bepaalde of onbepaalde tydperk;
 - (ii) vir sodanige gebruik deur 'n spesifieke soort voertuig, dier, toerusting of masjinerie; of
 - (iii) vir enige spesifieke doeleinde; en
- (c) die gebruik van enige pad binne 'n staatsbos reguleer deur middel van verkeerstekens en ander maatreëls.

Konstruksie van enige pad, gebou of struktuur

9. (1) Enige persoon, staatsorgaan of organisasie mag by die Minister aansoek doen om 'n lisensie om enige pad, gebou of ander struktuur op te rig.

(2) Die Minister moet die bouplanne of planne vir die konstruksie van enige pad, gebou of ander struktuur, goedkeur.

(3) 'n Aansoek om 'n lisensie wat voorgelê word kragtens subregulasie (1) moet—

- (a) aandui of die struktuur wat opgerig gaan word, 'n tydelike of permanente struktuur sal wees;

- (b) die konstruksiefases en die duur van elke fase definieer; en
- (c) die ontwerpplanne, 'n kaart, spesifikasies en 'n beskrywing van die konstruksiemetodes wat aangewend gaan word, insluit.

Beweiding deur of oppas van diere

10. (1) Enige persoon, staatsorgaan of organisasie mag by die Minister om 'n lisensie aansoek doen om diere te laat wei of op te pas in 'n staatsbos.

(2) 'n Aansoek om 'n lisensie wat voorgelê is kragtens subregulasie (1) moet—

- (a) die aantal diere aandui en die tipe diere wat sal wei of opgepas word, beskryf;
- (b) die merk waarmee die diere gebrandmerk is, beskryf; en
- (c) aandui of die diere behandel is vir enige peste of ander siektes, en indien wel, aandui wanneer hulle behandel is.

(3) Geen lisensie mag toegestaan word kragtens hierdie regulasie nie ten opsigte van 'n staatsbos wat 'n natuurlike bos het of 'n beskermde gebied beslaan, tensy—

- (a) die Minister van mening is dat die uitreik van die lisensie nie 'n skadelike uitwerking op die bos of gebied sal hê nie;
- (b) dit versoenbaar is met die bestuursplan of reëls van daardie bosgebied; en
- (c) die bestuursplan of reëls van die bos of gebied anders bepaal.

(4) Bykomend tot enige ander lisensievoorwaardes, mag die Minister—

- (a) die getal en soort diere wat mag wei of opgepas word, bepaal;
- (b) die gebied waar die weiding of oppas van die diere mag plaasvind, afbaken;
- (c) die wyse waarop die gebied soos omskryf in paragraaf (b) bestuur sal word, uiteensit; en
- (d) seisoene waartydens weiding en die oppas van diere mag plaasvind, bepaal.

(5) 'n Lisensie wat kragtens hierdie regulasie uitgereik is, moet as gekanselleer beskou word indien 'n staatsbos of 'n gedeelte daarvan tot beskermde gebied verklaar word ingevolge die bepalings van die Wet of enige ander wet, en die bedrywigheid kragtens subregulasie (1) teenstrydig is met artikel 24(5) van die Wet.

Gebruik van grond vir kweekdoeleindes

11. (1) Enige persoon, staatsorgaan of organisasie mag by die Minister aansoek doen om 'n lisensie om grond in 'n staatsbos skoon te maak, te ploeg of te verbou vir die groei van gewasse.

(2) 'n Lisensie wat kragtens hierdie regulasie uitgereik is, moet—

- (a) die gebied waarvoor dit uitgereik is, definieer;
- (b) die soort gewasse wat in die gebied gekweek mag word, beskryf;
- (c) aandui of insekdoders gebruik sal word, en, indien wel, die soort en hoeveelheid wat gebruik sal word, beskryf; en
- (d) die voorwaardes uiteensit wat sal verseker dat die skoonmaak, ploeg of kweek nie skadelik vir die omgewing sal wees nie.

(3) Geen lisensie waarom aansoek gedoen is kragtens hierdie regulasie mag toegestaan word indien die grond wat bedoel is vir skoonmaak, ploeg of kweek in 'n gebied is wat ingevolge die Wet of enige ander wet beskerm word nie.

Jag en visvang

12 (1) Enige persoon, staatsorgaan of organisasie mag by die Minister aansoek doen om 'n lisensie om enige wild, voëls, insekte, varswatervis of ander diere in 'n staatsbos te jag, vang of dood te maak.

(2) 'n Aansoek wat kragtens subregulasie (1) voorgelê is, moet die doel van die bedrywigheid waarom aansoek gedoen word, beskryf.

(3) Geen lisensie sal kragtens hierdie regulasie toegestaan word nie tensy die aansoeker voldoen het aan die bepalings van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Biodiversiteit, 2004 (Wet No. 10 van 2004) en enige ander toepaslike wetgewing wat handel oor die beskerming en bewaring van spesies en habitatte.

Gebruik van staatsbosse vir ontspannings-, opvoedkundige, kulturele en geestelike doeleindes

13. (1) Enige persoon, staatsorgaan of organisasie mag by die Minister aansoek doen om 'n lisensie om staatsbosgrond te gebruik vir ontspannings-, opvoedkundige, kulturele of geestelike doeleindes.

(2) Indien die bedrywigheid waarvoor aansoek gedoen word vir die gebruik van 'n staatsbos is om navorsing te onderneem vir opvoedkundige doeleindes, moet die aansoeker—

- (a) die tipe en hoeveelheid monsters wat versamel gaan word, aandui;
- (b) Die moontlike omgewingsimpak van die bedrywighede en beplande voorkomingsmaatreëls aandui; en
- (c) die navorsingsonderwerp definieer asook die instelling onder wie se toesig die navorsing plaasvind.

Mynbou

14. (1) Enige persoon, staatsorgaan of organisasie mag by die Minister aansoek doen om 'n lisensie om enige bedrywigheid in 'n staatsbos uit te voer wat wetlik vereis mag word vir die prospekteer of myn van kosbare of basisminerale.

(2) 'n Aansoek om 'n lisensie wat kragtens subregulasie (1) voorgelê word, moet—

- (a) die bome en bosopbrengs wat geaffekteer sal word, definieer;
- (b) die metodes wat vir die myn aangewend sal word, beskryf; en
- (c) voorkomingsmaatreëls wat aangewend gedurende die mynproses, beskryf.

(3) Geen lisensie waarom aansoek gedoen is sal kragtens hierdie regulasie toegestaan word nie, mits die aansoek vergesel is van 'n prospekteerpermit of 'n mynmagtiging, uitgereik ingevolge die Wet op Minerale en Brandstofhulpbronontwikkeling, 2002 (Wet No. 28 van 2002).

HOOFSTUK 5

BESKERMING VAN BOME EN BOSSE

Lisensies vir bedrywighede ten opsigte van inheemse bome in natuurlike bosse of hul produkte

15. (1) Enige persoon, staatsorgaan of organisasie mag by die Minister aansoek doen om 'n lisensie ingevolge artikel 7(4) van die Wet om enige iets te doen soos omskryf in artikel 7(1)(a) en (b) van die Wet.

(2) 'n Aansoek om 'n lisensie soos voorgelê kragtens subregulasie (1) moet —

- (a) die doel van die bedrywigheid waarvoor aansoek gedoen is, aandui; en
- (b) die hoeveelheid bome noem en definieer.

Lisensies vir bedrywighede ten opsigte van beskermde bome of bosprodukte afkomstig van beskermde bome

16. (1) Enige persoon, staatsorgaan of organisasie mag by die Minister aansoek doen om 'n lisensie om enige iets te doen soos omskryf in artikel 15(1) van die Wet.

(2) 'n Aansoek om 'n lisensie soos voorgelê kragtens subregulasie (1) moet—

- (a) die doel van die bedrywigheid waarvoor aansoek gedoen is, aandui; en
- (b) die hoeveelheid bome noem en definieer.

Beskerming van bosse, bome of 'n groep bome

17. (1) Enige persoon, staatsorgaan of organisasie mag by die Minister aansoek doen om die beskerming van 'n bos, boom of groep bome ingevolge artikel 18 van die Wet.

(2) 'n Aansoek wat voorgelê is kragtens subregulasie (1) moet—

- (a) die bos of bome wat beskerm moet word, identifiseer;
- (b) die grond of gebied waar die bos of bome wat beskerm moet word, geleë is, identifiseer;
- (c) vergesel wees van 'n kaart wat die ligging aandui; en
- (d) die redes verskaf waarom daar om beskerming aansoek gedoen word.

Opsyset van beskermde gebiede op privaat eiendom

18. (1) 'n Geregistreerde grondeienaar buite 'n staatsbos mag—

- (a) die Minister versoek; of
- (b) die Minister toestemming verleen,

om sodanige grond of enige deel daarvan, as beskermde gebied te verklaar volgens een van die kategorieë gelys in subparagraphe (i) tot (iii) van artikel 8(1) van die Wet.

(2) 'n Versoek aan die Minister kragtens subregulasie (1) moet—

- (a) die gebied duidelik identifiseer;
- (b) die aard van die fauna en flora in die gebied in detail uiteensit;
- (c) die redes waarom beskerming nodig is, volledig uiteensit;

- (d) die aard van enige regte wat ander persone oor die grond het, identifiseer;
- (e) vergesel wees van ‘n kaart van die gebied;
- (f) aandui wie sal baat vind by die beskerming en op watter wyse; en
- (g) enige ander tersaaklike inligting bevat.

(3) Indien die eienaar finansiële of ander bystand nodig het vir die bestuur van die beskermde gebied, moet hy of sy, saam met die aansoek—

- (a) die aard, omvang en tydsduur van die bystand aandui;
- (b) aandui hoe die bystand aangewend sal word;
- (c) volledig verduidelik hoe die gebied, publiek of omgewing sal baatvind by die bystand; en
- (d) enige ander tersaaklike inligting verskaf.

(4) Die toestemming deur die eienaar ingevolge artikel 8(1)(c) van die Wet moet skriftelik verleen word en mag voorstelle insluit ten opsigte van die behoorlike bestuur van die gebied.

HOOFSTUK 6 INLIGTING

Versameling van inligting

19. (1) Die Minister mag versoek dat—

- (a) ‘n eienaar, bestuurder of huurder van ‘n plantasie, of enige groep eienaars, bestuuders of huurders; of
- (b) ‘n persoon wat bosopbrengs oes, opsaag, verwerk of verkoop,

statistiese opgawes indien op vorms wat deur die Minister aan hulle uitgereik is.

(2) Inligting wat kragtens subregulasie (1) voorsien word, moet—

- (a) die voorafgaande tydperk van een jaar vanaf 1 Julie tot 30 Junie dek;
- (b) vir die mees onlangse finansiële jaar wees; of
- (c) enige ander tydperk soos bepaal deur die Minister, dek.

(3) Die aansoek soos omskryf in subregulasie (1) moet—

- (a) die datum waarteen die inligting voorsien moet word, aandui;

- (b) gedoen word minstens een maand voor die verstryking van die tydperke soos omskryf in subregulasie (2); en
- (c) voorsiening maak vir 'n tydperk van minstens drie maande vir die indiening van die inligting.

Versameling van inligting oor natuurlike bosse en boslande

20. Die Minister mag 'n ooreenkoms met enige Provinse sluit dat sodanige Provinse statistiese opgawes ten opsigte van natuurlike bosse en boslande wat in die Provinse geleë is, aan die Minister voorlê.

**HOOFSTUK 7
SERWITUTE**

Toestaan van serwitute en lisensiëring van bedrywighede onder serwitute

21. (1) Enige persoon mag kragtens artikel 26(1) van die Wet by die Minister aansoek doen om die toestaan van 'n serwituut in 'n staatsbos.

(2) Geen bedrywigheid onder 'n serwituut mag uitgevoer word voordat 'n lisensie ten opsigte van die bedrywigheid of bedrywighede kragtens sodanige serwituut uitgereik is nie.

**HOOFSTUK 8
GEMEENSKAPSBOSBOU**

Bystand vir gemeenskapsbosbou

22. (1) 'n Gemeenskap of 'n persoon wat betrokke is by bedrywighede soos omskryf in artikel 32(1) van die Wet, mag by die Minister aansoek doen om bystand.

(2) Die aansoek—

- (a) moet—
 - (i) die aard, omvang en tydsduur van die bystand aandui;
 - (ii) aandui of daar om enige bystand aansoek gedoen is en of enige bystand verkry is vanaf enige ander bron, aldank nie;
 - (iii) aandui hoe die bystand aangewend sal word; en

- (iv) volledig verduidelik hoe die gemeenskap, bos of omgewing sal baatvind by die bystand; en
- (b) mag enige ander tersaaklike inligting insluit wat volgens die gemeenskap nodig is om die aansoek te steun.

HOOFSTUK 9 TOEPASSING

Bewys van aanstelling van bosbeamptes

23. (1) Bewys van aanstelling van ‘n bosbeamppte moet—

- (a) skriftelik wees;
- (b) die woorde “Departement van Waterwese en Bosbou” as briefhoof hê;
- (c) die handtekenings aantoon van die Direkteur-Generaal of ‘n beamppte wat deur die Direkteur-Generaal gedelegeer is; en
- (d) insluit—
 - (i) die volle name van die bosbeamppte;
 - (ii) die datum van sy of haar aanstelling;
 - (iii) die woorde “bosbeamppte” in swart druk; en
 - (iv) ‘n duidelike foto van die bosbeamppte.

(2) Die bewys van aanstelling is nie oordraagbaar nie en moet aan die Direkteur-Generaal teruggestuur word wanneer so ‘n persoon nie meer ‘n bosbeamppte is nie.

Inspeksies

24 (1) Enige persoon of die ampsbekleder aangewys deur die Minister mag, vir inspeksiedoeleindes soos beoog in artikel 53(4)(a) van die Wet—

- (a) ‘n bos, voertuig of perseel betree; en
- (b) van die eienaar, besitter, bestuurder, ruiter of persoon in beheer—
 - (i) enige inligting verkry ten opsigte van die bos, bome, hout, voertuig, pakdier of perseel; en
 - (ii) ‘n verklaring verkry ten opsigte van enige aangeleenthede rakende die bos, bome, hout, voertuig, pakdier of perseel.

(2) ‘n Inspeksie wat kragtens hierdie regulasie uitgevoer word moet gedoen word nadat—

- (a) die betiteling soos omskryf in artikel 53(4)(a) van die Wet getoon is;
- (b) die rede vir die inspeksie vediidelik is;
- (c) ‘n versoek tot instemming tot die inspeksie gerig is, aan die eienaar, besitter, bestuurder, ruiter, of enige ander persoon in beheer van die bos, bome, hout, voertuig, pakdier of perseel.

(3) Indien toestemming kragtens subregulasie (2)(c) na die mening van die persoon wat die inspeksie uitvoer, onredelik geweier word, mag die inspekteur nog steeds voortgaan met die inspeksie.

(4) Geen inspeksie mag uitgevoer voor 08:00 of na 18:00 nie.

HOOFSTUK 10 **MISDRYWE EN STRAWWE**

Misdrywe en strawwe

25 (1) Enige persoon wat die verbod oortree op—

- (a) die verhindering van—
 - (i) die uitoefening van ‘n reg soos bedoel in regulasie 4(5)(a)(i); of
 - (ii) die uitvoer van sy of haar pligte deur ‘n bosbeampte of ‘n beampte van die Departement soos bedoel in regulasie 4(5)(a)(ii);
- (b) die plant van onkruid of indringerplante soos uiteengesit in regulasie 4(5)(b); of
- (c) die verbrand van enige lewende of dooie boom, plant of plantegroei soos uiteengesit in regulasie 4(5)(c),

is skuldig aan ‘n misdryf en kan by ‘n eerste skuldigbevinding aan daardie misdryf gevonnis word tot ‘n boete of gevangenisstraf vir ‘n tydperk van tot een jaar, of tot beide ‘n boete en sodanige gevangenisstraf.

(2) Enige persoon wat die verbod oortree op die verwydering, vernietiging, beskadiging of inmenging met ‘n merk, elektroniese skyfie of identifikasie, soos uiteengesit in regulasie 6(4), is skuldig aan ‘n misdryf en kan by ‘n eerste skuldigbevinding aan daardie misdryf gevonnis word tot ‘n boete of

gevangenisstraf vir 'n tydperk van tot een jaar, of tot beide 'n boete en sodanige gevangenisstraf.

(3) Enige persoon wat die verbod oortree op die verwydering van bome of ander bosopbrengs uit 'n staatsbos soos uiteengesit in regulasie 6(5) is skuldig aan 'n misdryf en kan by 'n eerste skuldigbevinding aan daardie misdryf gevonnis word tot 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van tot ses maande, of tot beide 'n boete en sodanige gevangenisstraf.

(4) Enige persoon wat die verbod oortree op die gebruik van 'n pad, soos uiteengesit in regulasie 11(3)(b), is skuldig aan 'n misdryf en kan by 'n eerste skuldigbevinding aan daardie misdryf gevonnis word tot 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van tot ses maande, of tot beide 'n boete en sodanige gevangenisstraf.

(5) Enige persoon wat versuim om inligting te voorsien soos versoek kragtens regulasie 19(1) is skuldig aan 'n misdryf en kan by 'n eerste skuldigbevinding aan daardie misdryf gevonnis word tot 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van tot ses maande, of tot beide 'n boete en sodanige gevangenisstraf.

(6) Enige persoon wat die verbod oortree ten opsigte van die beoefening van bedrywighede onder 'n serwituit soos uiteengesit in regulasie 21(2) is skuldig aan 'n misdryf en kan by 'n eerste skuldigbevinding aan daardie misdryf gevonnis word tot 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van tot ses maande, of tot beide 'n boete en sodanige gevangenisstraf.

(7) Enige persoon wat skuldig bevind is vir 'n tweede of daaropvolgende misdryf—

- (a) kragtens subregulasie (4), (5) of (6) is onderhewig aan 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van tot een jaar, of tot beide 'n boete en sodanige gevangenisstraf.
- (b) kragtens subregulasie (1), (2) of (3) is onderhewig aan 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van tot twee jaar, of tot beide 'n boete en sodanige gevangenisstraf.

Kort titel en inwerkingtreding

26. (1) Hierdie regulasies is die Regulasies op die Wet op Nasionale Bosse (Wet No. 84 van 1998), en tree in werking op die datum van publikasie van die kennisgewing in die *Staatskoerant*.

(2) Die Boswet-regulasies soos gepubliseer in Staatskoerant No. R.602 van 27 Maart 1986 word herroep.